

**Jaarvergadering van die Konvokasie
van die Universiteit Stellenbosch (US)**

**Annual meeting of the Convocation
of Stellenbosch University (SU)**

Adam Small Theatre Complex, Stellenbosch
2019/11/14, 19:00

Verslag deur die Rektor en Visekanselier
PROF WIM DE VILLIERS

Report by the Rector and Vice-Chancellor
PROF WIM DE VILLIERS

Baie dankie. Goeienaand, almal. *Molweni. Good evening. And thank you for this opportunity.*

Dit is vir die Universiteit belangrik om met ons verskillende belanghebbendes te skakel, en een van hierdie groeperinge is die Konvokasie – bestaande uit alle US-gegradueerdes en voltydse akademiese personeellede. So ek verwelkom hierdie geleentheid om met u te gesels.

Vanjaar het ons persoonlik met bykans 3 500 alumni geskakel by 48 alumnibyeenkomste reg oor Suid-Afrika en die res van die wêreld. *And we've set up seven new alumni hubs, bringing the total to 22 around the world – from Luxembourg to Windhoek, Port Elizabeth to Durban. And the list goes on ... New York, Los Angeles, London, Berlin, Amsterdam, Paris, Hong Kong ...*

Daar is Maties oral! Dinamiese alumni wat geesdriftig, positief en lojaal aan hul alma mater is. Ek is ook altyd beïndruk deur die besondere bydrae wat ons oud-studente lewer, waar hulle ook al in die wêreld is. Dis hoe ons Maties ken!

PRESTASIES

Now, as has become customary by now, I would like to highlight some of our University's successes this year.

2019 was vir Maties nogmaals 'n jaar van prestasies – waarvoor ons graag ons personeellede, studente, vennote, alumni en skenkers bedank. Daar was talle hoogtepunte ... hier is my TOP-10:

EEN: Ons het weereens 'n groot bydrae gelewer met gesogte **kwalifikasies toegeken** die afgelope akademiese jaar (2018) – meer as 9 000 grade, diplomas en sertifikate, waarvan 52% op nagraadsevlak was, insluitend 308 doktorsgrade, nog 'n nuwe rekord.

TWEEDENS – ons bevorder **akademiese uitnemendheid én diversiteit**.

We are broadening access with success.

Digby **43%** van ons nou 32 000 studente kom uit die bruin, swart, Indiërs- of Asiër bevolkingsgroepes, en ons studentesukseskoers is steeds bo 85% – een van die hoogstes in die land.

Met ons werwingsbeurse ondersteun ons veral leerders uit benadeelde onderwysomgewings. Altesaam 1 118 studente het in 2019 'n werwingsbeurs of -lening ontvang, met 'n totale waarde van R57 miljoen.

Baie dankie aan almal wat ons studente ondersteun. Ek het aan die Kaapstadse fietstoer en marathon deelgeneem vir fondsverwering. *I also participated in the London-to-Brighton Cycle Ride for bursaries. Funds raised for **bursaries** have increased by 82% the past five years.*

*The Department of Higher Education and Training recently confirmed that Stellenbosch University has the **highest throughput** (84% compared to the average of 68%) and second-**lowest first-year dropout** rate (8% compared to the average of 16%) in South Africa.*

*THIRDLY, we continue to receive recognition on the global stage. In the latest Times Higher Education World University **Rankings**, we've again improved our position (from the 301–350 bracket in 2019 to 251–300 for 2020, placing SU in the top 1% of universities globally.) En vakrigtings by Maties word ook onder bestes ter wêreld beskou. Op die jongste ranglys vaar ons veral goed in Opvoedkunde, Bestuur & Ekonomie, en Sosiale Wetenskappe.*

We are the only university in Africa invited to join the prestigious Global Alliance of Universities on Climate. The other members include UC Berkeley; Cambridge; Imperial College London, the London School of Economics, MIT and China's premier university, Tsinghua. That's the league we're in!

Die aansien wat ons geniet, kan tot 'n groot mate aan ons **navorsingsprestasies** toegeskryf word. Dit is die VIERDE hoogtepunt. Ons aantal navorsers met 'n gradering van die Nasionale Navorsingstigting het vanjaar tot 473 gestyg, 'n toename van 92% die afgelope dekade. *And 14 of our researchers are A-rated by the NFR, which means they are considered world leaders in their fields.*

In die VYFDE plek is ons naam ook op die sportveld én op kunsgebied hoog gehou. Maties Rugby het wéér die **Varsitybeker** gewen! *And our world-champion Stellenbosch University Choir will defend their title in Belgium next year.*

Maar wat van die rol van 'n universiteit om die groot uitdagings van ons tydvak aan te spreek? Ook in dié verband gaan ons voort om 'n verskil te maak. Dis ons SESDE hoogtepunt. *In July, we launched our new School for Data Science and Computational Thinking to much acclaim. The world is changing fast, and this new School is our stake in the unfolding future. In a ground-breaking feature, the School will work across all 10 of our faculties in an interdisciplinary, multidisciplinary, transdisciplinary way. There's already a new degree course in Data Engineering starting next year, and exciting new interdisciplinary study options are available in such fields as bioinformatics and computational biology.*

Then there is social impact, our SEVENTH highlight. We now have close to 200 social impact initiatives registered at SU, in which more than 400 staff member and 500 students are involved. Together, they have devoted 138 000 hours of service to various communities the past year.

Ons AGTSTE hoogtepunt is ons **Kampusvernuwingsprojek**:

Die **Jan Mouton Leersentrum** langs die Neelsie nader voltooiing. Hierdie drie verdieping gebou met verskeie lesinglokale en veeldoelige ruimtes word met gevorderde tegnologie toegerus om tred te hou met die jongste tendense.

And in January, we started construction on a new Biomedical Research Institute at our Faculty of Medicine and Health Sciences. This will be one of the most innovative and advanced biomedical research centres in Africa.

Dit is net twee van die 147 kapitaalprojekte wat tans aan die gang is by Maties. Ons Fasiliteitsdienste bestuur 490 geboue met 821 000 m² bruikbare ruimte op 576 ha grond.

Highlight No. NINE is that Council elected Justice Edwin Cameron to the position of the University's 15th Chancellor. He will succeed Dr Johann Rupert, whose term as Chancellor expires at the end of the year. Justice Cameron exemplifies SU's values and we look forward to the contribution he will make to his alma mater.

Dit bring my by die TIENDE saak wat ek wil beklemtoon, en dit is ons verbintenis tot **meertaligheid**.

'n Maand gelede het die Konstitusionele Hof eenparig ten gunste van die US beslis deur Gelyke Kanse se aansoek te verwerp. Die uitspraak stel dit duidelik dat ons 2016 Taalbeleid "grondwetlik geregverdig" is. Die beleid is daarop gemik om toegang en meertaligheid by die Universiteit te bevorder, en die akademiese en beroepsukses van studente en personeel te ondersteun.

Die hof het ook bevind dat die proses wat die Universiteit gevolg het om die Taalbeleid te aanvaar, "deeglik, omvattend en inklusief" was, en dat daar behoorlike oorlegpleging plaasgevind het.

Ons bly verbind tot die gebruik van Afrikaans – tesame met Engels – as onderrigtale teen die agtergrond van inklusiwiteit en meertaligheid.

Soos u weet, is 'n afgetrede regter aangestel om 'n klagte teen my te ondersoek dat ek by die taalhofsaak probeer inmeng het. Ek verwelkom die ondersoek en sien uit na die verslag wat aan die

Raad gelewer sal word. Enige verdere kommentaar van my insake hierdie ondersoek sal onvanpas wees in hierdie stadium. Die Universiteit sal verder oor die saak kommunikeer wanneer die verslag aan die Raad gelewer is.

Terug na die hoogtepunte – verlede week het ons aangekondig 'n **Leerstoel in Afrikaanse Taalpraktyk** word by die US tot stand gebring (met prof Ilse Feinauer as bekleer), danksy 'n borgskap deur Ton Vosloo en Anet Pienaar-Vosloo. Hierdie is die eerste leerstoel van sy soort aan enige universiteit.

Speaking of research chairs, these have more than doubled the past six years, and now number 48. Four new chairs were established the past year alone. SU is fortunate to have academic staff helping to positioning the University as a national, multinational, inclusive asset with global standing.

MORE HIGHLIGHTS

Dames en here, daar is soveel hoogtepunte, ek gaan nog 'n paar noem – om die waarheid te sê, kom ons kyk hoeveel kry ek ingepas in die volgende DRIE MINUTE. *Here goes ...*

1. Ons nuwe visie en strategiese raamwerk het vanjaar in werking getree, waarmee ons Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit wil word.
2. *We celebrated the 10th birthday of our African Doctoral Academy. The past decade, they have presented 210 workshops for 4 500 participants from 53 countries.*
3. *SU now has 292 partners in 63 countries on six continents.*
4. *Our international students number more than 4 000 ... or 13% of the total, which is double the national average.*
5. Ons het die eerste keer meer as 300 studente uitgestuur op internasionale programme – semesteruitruil, somerskole en kort programme.
6. *We have 20 agreements in place for Joint PhDs with top universities around the world.*
7. *Our Business School's MBA has been ranked the top programme of its kind in Africa.*
8. Ons is van plan om ons Besigheidskool terug te bring Stellenbosch toe, en te vestig op by Oude Libertas, waar Distell vir ons grond geskenk het.
9. Ons is besig om nuwe name en simbole op kampus bekend te stel om die Universiteit 'n tuiste vir almal te maak.
10. *Our Centre for Student Recruitment visited 315 schools nationwide, reaching 35 000 learners.*
11. Die US Woordfees se Woorde Open Wêrelde-projek het 23 000 leerders tydens 354 skoolbesoeke bereik.
12. Ons het 45 000 eerstejaarsaansoeke vir 2020 ontvang – 6 000 meer as verlede jaar, en die hoofrede wat deur aansoekers verskaf word, is die Universiteit se akademiese reputasie.
13. 600 senior studente is vanjaar as mentors vir nuwelingstudente opgelei, wat help met akademiese sukses en welstand.
14. Nog vyf Vlakte-beurse is toegeken, wat die totaal op 31 die afgelope vyf jaar te staan bring.
15. Ons het 'n groot projek van stapel gestuur vir nuwe studenteadministrasie- en finansiële stelsels – SUNStudent en SUNFin – teen 2021.
16. Ons voorsien tans kampushuisvesting aan 8 000 studente.
17. Huis ten Bosch, wat vroeër vanjaar in 'n brand beskadig is, sal in 2021 heropen as 'n moderne, doelgeskikte koshuis.
18. *The University's electricity consumption has dropped to 2008-levels, water consumption is down 51%, and we have recycled 55% of our waste.*
19. *The level of crime incidents reported to SU Campus Security is at a ten-year low.*
20. *We're setting up joint working groups to combat gender-based violence.*
21. *Our Campus Health Service has provided 25 000 patient consultations so far this year.*

22. Een van die grootste nuusstories van die jaar was die uitvinding deur een van ons tweedejaarstudente van 'n eetbare strooitjie.
23. *Stellenbosch University featured strongly in the news in 2019 – with the most stories of all universities in the country.*
24. US-personeellede en studente het vanjaar al 400 meningsartikels en 200 rubrieke gepubliseer.
25. *Stellenbosch University has lodged 127 patents the past 10 years, more than any other university, and even more than the CSIR (Centre for Scientific and Industrial Research)!*
26. *Our LaunchLab has just been named the top business incubator at a university in Africa.*
27. *Innovus, which looks after the University's intellectual capital, has been instrumental in the creation of South Africa's new University Technology Fund.*
28. *We've received a large grant (\$19 million) from Unitaid to help develop better treatment for children with multidrug-resistant tuberculosis.*
29. *Stellenbosch University's Prof Tania Ajam has been appointed to South Africa's new Presidential Economic Advisory Council.*
30. *We are investing substantially in information and communications technology for blended and hybrid learning and teaching.*
31. 18 akademiese programme het programhernuwing ondergaan en word volgende jaar uitgerol.

SLOT

Maybe a little bit more than three minutes, but well worth it. DIT, dames en here, is ons Universiteit – uitnemend, inklusief en innoverend. Our graduates are well qualified and they are internationally in demand, our research is innovative and relevant and our impact on society is extensive. All this we do by reaching out inclusively, not by exclusively looking inward.

Dit is vir my werlik 'n eer om hierdie Universiteit in sy 101ste jaar op sy nuwe reis die toekoms in te lei. Ek is dankbaar vir die vertroue wat die Raad onlangs in my gestel het toe ek eenparig vir 'n tweede 5-jaar termyn as Rektor en Visekanselier aangewys is.

Groot uitdagings lê vir ons voor, maar ook wonderlike geleenthede. As 'n inklusiewe Matie-gemeenskap, kom ons gaan almal saam vorentoe, *forward together, masiye phambili*. Baie dankie. Thank you very much. Enkosi kakhulu.